

KOERSVAS

Jaargang 3 Uitgawe 66 3 Julie 2015

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Sagte antwoord

As predikante het ons die voorreg om mense in die eg te verbind. Die dominee preek so mooi en die bruid lyk so stralend. Almal "faceboek" en "tweet" oor die "event". Soms bly die dominee vir die onthaal en die vanselfsprekende-dominee-tafel-gebed volg. Dan hou die dominee "op met werk" en die kaperjolle begin.

Minder bekend is die potensiële nagmerrie van die huwelik by die Departement van Binnelandse sake regstreer te kry, die dominee se eintlike uitdaging. Daar is rillers wat vertel word van ervarings met onbevoegde personeel by einste Binnelandse sake. Dit sou onvanpas wees om te veralgemeen. Om welke rede ookal, is die plaaslike kantoor te Cullinan 'n voorstel kantoor. Hulle werk effektief en is vriendelik. Daar is natuurlik soms vertragings omdat iemand anders iewers-elders nie hulle werk gedoen het nie. Dit maak nie dat die plaaslike personeel nie effektief, vriendelik en kundig mense van 'n goeie diens voorsien nie.

My huidige registrasie proses is 'n nagmerrie. Die kantoor in dorp-liefs-nie-genoom, het nie 'n egskeiding geregistreer nie. Die behels weekliks terug gaan om 'n



vorderingsverslag te kry. "Nee Maruti, nog nie nou nie, volgende week miskien" maak my weer huiswaarts keer. Terwyl ek so paar minute wag om daardie woorde te hoor, kom 'n duidelik angstige groep die kantoor binne.

Hulle paspoorte moet nou skielik verkry word. "Gaan staan solank in 'n tou, enige tou," is die groepleier se opdrag. Die gehoorsame verskrikte gaan staan in die tou vir die kassier. Ek ken darem nou al die kantoor en weet presies hoe hulle sisteem werk. My bedoeling is om die mense rustig te kry en te help waar ek kan. Daarom vra ek ewe vriendelik; "Wat wil julle doen?"

"Ek weet wat ons wil doen, die vraag is wat jy eintlik wil doen?" kom die skor antwoord. Verstom draai ek om, die man het my vriendelike aanbod om hulp van die hand gewys. Gekrenk deur sy optrede wil ek net my vraag aan die dame agter die toonbank stel, maar ek draai eers na die verskrikte persoon in die kassierstou: "Kom staan hier agter my, dame, jou vorms moet eers kontroleer word eerdat jy ten laaste die kassier betaal". Die kantoorlid help my en ek stap daar uit, maar nie voordat ek hoor hoe die touleier nou die kantoor-personeel tongsweepslag nie.

Die bullebak-optrede van hierdie man was nie anders teenoor 'n oorwegend vriendelike

en behulpsame personeel nie. Ek wonder of hulle, ten spyte van sy bullebakkerij, effektief gaan bly. Ek het so half 'n gedagte hulle gaan hul werk bo trots eie eer stel. Die man het van die staanspoor die verkeerde benadering gehad.

Ons lees in Spreuke 15:1 "*n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom.*"

Wat kos dit ons om ordentlik met mense om te gaan? Ons moet van meet af aan geduldig en hoflik wees, selfs teenoor die kortaf mense wat ons soms teëkom. Ek was self al baie ongeduldig. Dit is soms nodig om mense te konfronteer met hulle onbehoorlike gedrag.

Soms moet ons mense wys op hulle foute. Dit kan nie anders nie, ons moet eerlik en reguit ook wees oor haakplekke. Die vraag is na die manier van doen.

'n Ouderling wat gereeld spyt was oor woorde uitgespreek voor deeglike nadenke, het die raad gekry om die sin met 'n komma te begin. Heuning vang meer vlieë as asyn. Ons word nie gevra om oneerlik te wees of 'n moordkuil te maak van ons ook kokende harte nie. Ons word tog gevra om ordentlik op te tree teenoor alle mense en hulle menswaardigheid te erken.

Dit is juis die sagte woord en antwoord wat die storm in ander en jouself laat bedaar.

Dr Johan Otto - Premiermyn

Lucia het haar man se goeie werk voortgesit en op verskillende terreine besondere bydraes gelewer. Met die onafhanklikwording van gemeentes het sy gekies om te bly by Premiermyn Hervormde Kerk, haar geestelike tuiste vir afgelope nege jaar. Sy was 'n meelewende lidmaat, 'n getroue bywoner van ons Damesbyeenkoms en 'n ware steunpilaar. Ons lewens is verryk deurdat ons haar geken het. Ons betuig ons innige simpatie met haar familie en naasbestaandes Lees meer:

<http://www.dievryburger.co.za/2015/07/kultuurvrouw-lucia-van-den-berg-oorlede/>

<http://radiopretoria.co.za/webgrepe/huldeblyk-lucia-van-der-berg-29-junie-2015/>

2. Kuratorium vergadering

Tydens die Bond se Kuratorium vergadering van 23 Junie 2015 was die hoofsaak van bespreking die verslag en beskrywingspunte vir die opkomende Bondsvergadering. Daar is in beginsel ook besluit om Ottosdal as Bondsgemeente toe te laat. Daarmee saam is daar gesprek gevoer met ouderling Johan Parkin, voorheen NHKA predikant in die Wes-Transvaal omgewing. Die Kuratorium het besluit om hom as predikant te akkrediteer en daarom beroepbaar te stel. Proponent Johan Parkin is beroepbaar binne die GHG. Baie geluk aan hom en sy gesin, ons sien uit na goeie samewerking in die toekoms.

3. Ottosdal beroep

Ottosdal gemeente het geen gras onder hulle voete laat groei nie en het Sondag 28 Junie vir proponent Johan Parkin beroep. Baie geluk aan ons jongste gemeente. Ons hoor ds Parkin het klaar aangedui dat hy die beroep aanvaar.

BERIGTE

1. Lucia van den Berg

Dit is met hartseer dat ons kennis geneem het van die afsterwe van mevrou Lucia van den Berg. Tannie Lucia was die weduwee van wyle ds Mossie van den Berg, welbekend in die NHKA en instrumenteel in die oprigting van Radio Pretoria. Tannie

<h2>KENNISGEWINGS</h2>	<h3>3. Bybelvasvra</h3>
<p>1. Geloofsbondkwilt vir Teologiese Opleidingsfonds</p>	<p>Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra 2015.</p>
<p>Die dames van die GHG wil hulle finansieël ontferm oor die Bond se teologie studente. Vir die doel word die uitloot van 'n handgemaakte kwilt beplan. Alle gemeentes moet asseblief seker maak dat hulle die inligting aan hulle Damesaksies sirkuleer het re die 100-blok kwilt. Maak seker u het die nodige inligting ontvang. Daar is reeds twee e-posse re die kwilt uitgestuur. Indien u nie al die inligting het nie of graag wil deelneem, kontak vir Ina Steenkamp by 082 908 2881. Dankie aan die volgende gemeentes wie se blokke reeds ontvang is: Roedtan, Zoutpansberg, Premiermyn, Meyerspark, Vrede, Tuine</p>	<p>BESTEK Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)</p> <p>VOORGESTELDE DATUMS Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband (soos self in streeksverband georganiseer).</p>
<p>2. Bondsvergadering.</p>	<p>4. Advertisies Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.</p>
<p>Gemeentes word vriendelik versoek om hulle geloofsbriefe spoedeisend na ds Marais aan te stuur. U word herinner aan die relevante inligting. DATUM: 6 tot 8 September 2015. PLEK: Hervormde Kerk Meyerspark TYD: Registrasie vanaf 16H00. Opening om 18H00. KOSTES: R250 per afgevaardigde.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die Vaalwater projek ken u. • Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.
<p>Die volgende moet asseblief as verwysing vermeld word by inbetaling: "Gemeente Naam" Bondsvergadering Afgevaardigdes.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgelde 'n kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 te Marloth park, op die rivier. Daar is ook 'n tweede en derde prys. Belangstellendes kan skakel met Hans Esterhuizen by 084 581 2905.
<p>BESKRYWINGSPUNTE: Alle beskrywingspunte moes ds Frans Marais (fransnhk@gmail.com) teen 26 Junie 2015 bereik het. Die gemeentes se geloofsbriefe moes ook teen 26 Junie 2015 aan ds Frans Marais (fransnhk@gmail.com) versend gewees het. Stel die saak asseblief reg, indien u nog nie reageer het nie.</p>	<p>Premiermyn hou einde November hulle gevestigde jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252</p> <ul style="list-style-type: none"> • Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015 Paul en Ella help graag met: <ul style="list-style-type: none"> ➢ Kalender R8-30 elk ➢ Verlofregister R24-75 elk ➢ Kwitansie R16-90 elk ➢ Offergawe R6-60 elk ➢ Dames Kwitansie R14-45 elk ➢ Konsistorie R22-35 elk ➢ Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk <p>ella@teamworkprinters.com</p>

5. Geloofsbond Eredienste :

www.geloofsbond.co.za Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.
<http://www.geloofsbond.org.za/>

6. Skenkings

BANKBESONDERHEDE:

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)
ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING
by 018 381 1494.

Trekking: 29 November 2015
Pryse kan nie vir kontant omgeruil word nie.

**Kontak Hans Esterhuizen
 vir verdere besonderhede by 084 581 2905**

**3,4 en 5 Julie
 2015**
**Musina
 skougrond**

**Noena
 Oosthuizen**
084 452 0321
Eddie Eckard
082 958 9095



MESSINA KREMETARTFEES **15 dae....**

CHRISTO BEAR
MY WAY
 A TRIBUTE TO NEIL DIAMOND & ELVIS PRESLEY



3 Julie:

potjiekos
 @ R40:
 beesstert, hoender,
 skaap, skaapafval,
 bees, wild - met
 stampmielies of rys
 of pap.

18h00 "Country
 Show" deur
 Christo Bear

20h00 Manie Jackson

Daarna is daar 'n
 dans.

Biertuin sal oop
 wees.

**KOM GENIET SOMER IN DIE WINTER
WAAR: MUSINA**

**MESSINA KREMETARTFEES BIED PRET
EN PLESIER VIR DIE HELE GESIN AAN...**

WANNEER: 3,4,5 JULIE

NOG NET 13 DAE...

Kom neem deel aan die pret...



Kremetart besigtingstoer
Boogsport
Skaapbraai en dans
Kom proe hoe smaak krokodilsosasies
Die bestebiltong ooit
Groente uit eie bodem
Groot verskeidenheid stalletjies om te besoek en te ondersteun

**Kom luister na 'n verskeidenheid
kunstenaars...
(opkomend en gevestig)**

**...en vele meer!
Kom kyk self!**

**MAAK 'N DONASIE VAN R100-00
EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DIE
VOLGENDE PRYSE TE WEN**

**1ste Prys: Week se verblyf met luukse
akkommodasie te Marloth Park teenaan die rivier.**

Slaap 12. Daaglikse skoonmaak ingesluit.

2de Prys: R1500-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis

3 de Prys: R1000-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis



**Trekking: 29 November 2015
Pryse kan nie vir kontant
omgeruil word nie.**

**Kontak Hans Esterhuizen
vir verdere besonderhede by 084 581 2905**